# GRENDELTYD LES: Helde van die Bybel 1

Hierdie les kan oor twee aande gedoen word.

## 1. INLEIDING:

Ons gaan vanaand kyk na twee van die groot helde van die Bybel, Josua en Gideon.

Vraag: As julle die woord ‘held’ hoor, wat kom by julle op?

Julle het braaf, nie bang nie, vreesloos, groot en sterk genoem, maar ek wil julle ‘n groot geheim vertel, hierdie helde waarna ons vanaand gaan kyk was bang gewees, en het glad nie dapper gevoel nie. Ons gaan nou eers kyk hoe dapper julle sit.

## 2. FEAR FACTOR

Besluit op ‘n paar fear factor speletjies wat julle as gesin saam kan speel voordat julle met die les begin, hieronder is drie voorbeelde, maar julle kan julle eie kies.

**3.1 *Voel toets***: elke persoon word geblinddoek en moet probeer om goed in ‘n houer te identifiseer deur daaraan te vat. (/ versiersuiker, olywe, gekookte 2 min noodles, lensies, klapper, rubber insekte ens.)

**3.2 *Happy meal***: ‘n MacDonalds meal word ‘geblend’ en julle moet dit drink.

**3.3 *Ystone:*** daar is ‘n emmer met yswater en ysblokke in. Elke persoon kry ‘n beurt om die albasters met hulle tone te probeer uithaal. Daar is 3 albasters per persoon in die water.

## 3. HELDE VAN DIE BYBEL

Van ons was baie braaf, en van ons het nie kans gesien vir hierdie challenges nie. Ek het netnou gesê dat vanaand se twee helde ook bang was, en glad nie braaf gevoel het nie. Die belangrikste wat ons egter uit hulle stories kan leer, is dat dit hulle nie gekeer het nie. Êrens tussen die bang het hulle besluit om God te vertrou, en God toegelaat om hulle te gebruik, en hoe het dit nie die geskiedenis verander nie!! Wanneer bang mense God vertrou en Hom toelaat om hulle te gebruik gebeur AWESOME dinge!!

### 3.1 Josua:

Kom ek vertel gou vinnig vir julle wie Josua was. Josua was Moses se regterhand terwyl Moses die volk Israel deur die woestyn gelei het. Hy het al die groot wonderwerke gesien, en ook gesien en beleef hoe God vir Moses gebruik het. Toe Moses dood is het Josua vir Moses opgevolg. Ek kan net dink hoe bang hy moes gewees het, want behalwe vir al die ander goed wat ek nou genoem het, het hy ook geweet hoe dwars die volk kan trek as dinge nie vir hulle uitwerk nie.

Hoe weet ons dat hy bang was? God sê in Josua 1:9 vir hom: “Moenie skrik nie, moenie bang wees nie”. En dan die rede hoekom Josua t.s.v. sy bangheid kon aangaan “want Ek, die Here jou

God, is by jou oral waar jy gaan" Sy bangheid het hom nie gekeer om gebruik te word nie, dit het hom harder op God laat vertrou, PRESIES wat God wil hê elkeen van ons moet doen!!!

Julle gaan nou amper soos strokiesprente van Josua by my kom haal. By elke prentjie is ‘n Bybeldeel wat julle moet lees. Hierdie is net klein stukkies uit sy lewe, om jou te laat sien hoe God bang mense kan gebruik, en ook om julle te motiveer om self verder by die huis te gaan lees oor hom! As almal klaar is met Josua gaan ek gou vinnig verduidelik wie Gideon was, en dan gaan julle sy strokiesprent kom haal en doen in julle groepe.

## 3.2 Gideon

Die volgende held is Gideon. Gideon was ‘n Rigter gewees. In die tyd van die Rigters het God self oor die volk Israel regeer, hulle het nie konings gehad nie. Die volk het vir jare goed aangegaan en gedoen wat God gesê het, dan op ‘n dag het hulle weer afgode begin aanbid, en dan het God weer swaarkry oor hulle pad gestuur.

Wanneer DIT gebeur het, het God ‘n Rigter opgerig / aangestel wat hulle dan, met God se hulp, gered het van hulle vyande. Gideon was een van die Rigters gewees.

Hoe weet ons dat hy bang was? Toe die Engel van die Here by hom kom om vir hom te sê wat hy moet doen het die Engel hom gegroet met die woorde "Die Here is by jou, dapper man!." Gideon het toe vir hom ‘n lang lys goed opgenoem van waarom hy NIE dapper is nie. Maar soos met Josua het God aan hom gewys dat Hy by hom is, en hom gaan help, en DIT het hom dapper gemaak om te doen wat God van hom gevra het!

Gebruik nou die strokiesprente om meer van hulle te weet. Lees die teksdele soos aangedui om die stories te volg.